Acta Theologica 2004:2

# WAT IS 'N GEREFORMEERDE LITURGIE?

J. Janse van Rensburg[1]


## ABSTRACT

The current debate on a reformed liturgy is driven by opposition. On the one hand, some protagonists for renewal embrace anything new that works, while on the other hand traditionalists reject attempts to renew the liturgy, arguing that such efforts go against the reformed liturgy. The question, however, is raised: "What is a reformed liturgy?" The article endeavours to indicate principles for renewal, based on reformed theology and not on the reformed tradition.

## OPSOMMING

Die huidige debat oor liturgiese vernuwing word deur opposisie gekenmerk. Enersyds omhels voorstanders van vernuwing alles wat "werk", terwyl gereformeerde tradisionaliste weer die meeste vorms van vernuwing as ongereformeerd bestempel. Die vraag is egter: "Wat is 'n gereformeerde liturgie?" Die artikel poog om beginsels aan te dui waarvolgens vernuwing binne 'n gereformeerde teologie (nie tradisie nie), geplaas kan word.


## 1. INLEIDING

Terwyl sommige hulle op 'n gereformeerde liturgie beroep en die huidige vernuwingsprosesse as charismatiese foefies afmaak, reageer voorstanders van vernuwing deur te vra: "Wat is gereformeerd?" Om een of ander rede het ons nog nie werklik uitsluitsel hieroor nie. Die saak is egter nie so eenvoudig nie. Daar is naamlik 'n hele aantal veranderlikes wat die soeke na 'n gereformeerde liturgie bemoeilik.

## 2. METODOLOGIE

Die huidige debat oor wat 'n gereformeerde liturgie is, word veral gekenmerk deur stereotipering. Daarom het dit noodsaaklik geword om ter wille van integriteit die navorsing so objektief as moontlik te benader. Immers, die gebrek aan objektiwiteit in navorsing het tog

1 Prof. J. Janse van Rensburg, Hoof: Departement Praktiese Teologie, Fakulteit Teologie, Universiteit van die Vrystaat, Posbus 339, Bloemfontein, 9300. E-pos: jjvanr@yebo.co.za

wel etiese konsekwensies. Dit kan naamlik 'n groot versoeking wees om op eklektiese wyse inligting te selekteer wat jou Archimedespunt sal bevestig. Dan ignoreer jy die navorsing wat korrektiewe op jou vooropgestelde aannames bring en kom jy tot resultate wat jy aan die begin van jou navorsing al as 'n voldonge feit beskou het. So 'n benadering sou oneties wees en van navorsing 'n klug maak. Die vraag is of ons die moed het om in die huidige liturgiese gesprek na die resultate van objektiewe wetenskaplike navorsing[2] te luister?

Die bespreking vind aan die hand van 'n aantal stellings plaas. Die stellings is gebaseer op die bestudering van 'n verskeidenheid vakliteratuur. Daar is egter al so baie oor die onderwerp gepubliseer dat die literatuur wat in hierdie navorsing gereflekteer word, nie op volledigheid aanspraak wil maak nie.

## 3. HIPOTESES

Die navorsing is daarop gerig om die volgende hipoteses te toets:

3.1 Daar is 'n onderskeid tussen gereformeerde leer en gereformeerde tradisie.

3.2 'n Gereformeerde liturgie is gebonde aan gereformeerde beginsels.

3.3 Vernuwing staan nie noodwendig teenoor 'n gereformeerde liturgie nie.

3.4 Persepsies oor 'n gereformeerde liturgie kan nie so maklik met 'n beroep op die reformatore bevestig word nie.

## 4. DOELWIT VAN DIE NAVORSING

Die doel van die navorsing is om die gestagneerde debat oor wat 'n gereformeerde liturgie is, te stimuleer. Daar sal 'n groter openheid by onderskeie partye moet wees om na mekaar te luister. Dit word by herhaling duidelik hoe opponerende stellings en beginsels die gesprek vertroebel en voornemende gespreksgenote in verskillende kampe verdeel. Die doel van hierdie navorsing is om 'n ekwilibrium tussen

2 Die noodsaak tot "insider-research" (Dreyer 1998) word nie ontken nie. Vir die doel van hierdie navorsing word slegs 'n keuse vir objektiewe navorsing gemaak om redes wat hierbo verduidelik is.

uiterstes te vind. Gerben Heitink (1977:14-16) se beginsel van bipolariteit is besonder dienstig om liturgiese uiterstes wat tans tot ernstige polarisering aanleiding gee, op mekaar aan te wys.

## 5. 'N AANTAL BEGINSELS WAT VIR DIE GESPREK BELANGRIK IS

### 5.1 Liturgiese vernuwing is 'n ou verskynsel

Dit is asof ons in die N.G. Kerk uit 'n Rip van Winkelslaap wakker geword het. Ons het skielik bewus geword van 'n liturgiese storm wat oor ons losgebars het. Die pentakostalistiese en charismatiese invloed het hierin 'n groot rol gespeel (Strydom 1994:123-134). Globalisme het ook tot wedersydse beïnvloeding gelei.

Maar eintlik is liturgiese vernuwing 'n golf wat reeds met die aanvang van die twintigste eeu begin swel het (Jonker [*s.a.*]:15) en tans op die strand van ons erediens-problematiek kom breek het. Wat nog meer tragies is, is dat ons nie die lesse leer wat die kerk in ander lande met dure ondervinding geleer het nie (Kyk Willimon 1979:24). Om een of ander rede verval ons steeds in twee uiterstes. Daar is dié wat oor vernuwing so meegeneem word dat hulle op 'n nie-diskriminatiewe wyse alles wil akkommodeer, "solank dit net werk". Maar aan die ander kant is daar weer dié wat so bang vir vernuwing is en so knus in die gereformeerde tradisie skuiling soek dat hulle hoop om só die golf van vernuwing te stuit. Beide uiterstes kan die kerk duur te staan kom. Liturge waarsku al geruime tyd dat ons die paradigmaskuif (Krikke 1976; Pecklers 2003) en die toekoms van aanbidding in die kerk (Elmer & McKinney 1996) in ons denke sal moet verdiskonteer. Ons sal eenvoudig 'n bipolêre ekwilibrium moet vind!

### 5.2 Gereformeerde tradisie is nie gelyk aan gereformeerde liturgie nie

Daar moet duidelik tussen 'n gereformeerde spiritualiteit en teologie enersyds en 'n gereformeerde liturgie andersyds onderskei word. Oor eersgenoemde kan daar nie enige onduidelikheid wees nie. 'n Gereformeerde teologie en spiritualiteit is in God se uitverkiesende han-

deling met die mens ("von oben", aldus Barth) gefundeer. Dit het twee konsekwensies:

5.2.1 Die verbond as uitwendige gestalte van die uitverkiesing (Heyns 1978:223) is die grond van die gereformeerde liturgiese ontmoetingsgebeure. Verbondmatig beskou, neem God monopleuries die inisiatief. Dit veronderstel reeds dat die mens se aandeel aan die ontmoetingsgebeure altyd responsories is en kwalitatief nie op dieselfde vlak as God se Woord kan wees nie (Hahn en Bonhoeffer [*s.a.*]:9, 33). Dit is daarom nogal verrassend dat Vrijland (1992:174) in die uiteensetting van sy struktuur vir die erediens van die mens se beweging na God uitgaan en dan eers God se beweging na die gemeente aandui. In só 'n struktuur speel die verbond nie 'n betekenisvolle rol nie. Daar is egter wél 'n dupleuriese konteks waarin die liturgiese gebeure afspeel. Die gemeente bewerk dus nie die teenwoordigheid van Christus of die heil nie, maar vier dit deur aktiewe deelname. In navolging van De Klerk (1990:14-17) sou ons in hierdie opsig van 'n liturgiese verbondsverkeer ('n verbondmatige liturgiese resiprositeit) kon praat (sien ook Bohren 1980:272-273). God spreek en die mens antwoord. Vandooren (1980:15-16) stel die vraag of hierdie twee-rigtingverkeer ons nie noop om meer aandag aan die dialogiese karakter en die aktiewe deelname van die lidmate te gee nie. Daar is gelukkig reeds duidelik tekens dat die liturgie in vele N.G. gemeentes al hoe meer 'n gesonde responsoriese karakter dra.

Saayman (2004) laat egter die beginsel van die verbond so volledig in God se reddende handeling opgaan dat die mens se behoeftes irrelevant word. Daarom gaan dit na sy mening nie in die erediens oor iets of iemand wat gesoek of gevind moet word nie, maar om die ontdekking dat ons gevind is. Dit gaan ook nie om die liturgiese behoeftes van die lidmate nie. Dit moet syns insiens gaan om die besef dat ons tot rus kan kom in die wete dat God ons gevind het. Só 'n benadering misken nie alleen die dupleuriese bestemming van die verbond en die liturgiese resiprositeit nie, maar hou ook nie rekening nie met die feit dat daar in die erediens mense mag wees wat kragtens die uitverkiesing vir die verbond bestem is, maar nog nie tot geloof gekom het nie (Heyns 1978:220; sien ook Janse van Rensburg 1996: 155-158). In die lig van hierdie sendingperspektief op die verbond kan ons vra of die standpunt van Saayman gegrond en realisties is.

Meer nog: ons kan ook vra of daar in die lig van die sendingperspektief op die verbond teologiese gronde is om 'n oproep in die erediens tot 'n geloofsbeslissing (die sogenaamde "altar call") af te wys?

Liturgies moet daar dus tussen twee uiterstes gewaak word. Enersyds kan die goddelike werking via die prediking só oorbeklemtoon word, dat die gelowige in die erediens tot stilswye en non-aktiwiteit gedoem is. Toe die prediking tot 'n *leerrede* gereduseer is, het die gemeente 'n hoorgemeente geword en het die erediens in 'n *luisterdiens* verander (Jonker [*s.a.*]:45). Maar andersyds kan die menslike deelname tot konstituerende prinsipe vir die erediens verhef word, waardeur die goddelike spreke en teenwoordigheid aan die menslike bydrae ondergeskik gestel word. Dan gaan die erediens in lofprysing en gemeentelike deelname op, terwyl die Woordverkondiging in sommige gevalle geen plek kry nie. Jonker ([*s.a.*]:38-39) sien juis die gevaar dat lidmate nie meer kan of wil luister nie, dat hulle nie "tot rus kan kom" om die waarheid van die Woord in te neem nie. Die relativering van die menslike bydrae tot die erediens het in die verlede tot formalisme gelei. Vernuwing wat tot die mens se belewing van die ontmoeting met God kon lei, is as dwaling verwerp. Jonker ([*s.a.*]:20-21) verwys in hierdie verband na "liturgismes". Die liturgie kan dus alleen lewendig wees as dit saam met die gemeente groei en deur die geloofsdinamika van die gemeente gevoed word.

5.2.2 Verder vind 'n gereformeerde spiritualiteit en teologie (liturgie) sy uitdrukking in die reformatoriese "solismes". 'n Liturgie wat as "gereformeerd" gekenmerk word, mag dus op geen wyse enige van hierdie beginsels in gedrang bring nie. Waar die beryming of die melodie, die handelinge of die preekinhoud op enige wyse die gereformeerde spiritualiteit in gedrang bring, moet dit as ongereformeerde liturgie beskou word.

Hierdie uitgangspunt stel ons in staat om te sê wat 'n gereformeerde liturgie *nie* is nie. Dit is egter moeiliker om 'n omskrywing te gee van wat 'n gereformeerde liturgie wél is. Die uitdrukking skep naamlik die indruk dat daar êrens 'n vaste liturgiese vorm of bloudruk is wat as 'n gereformeerde liturgie bestempel kan word. Enige afwyking van die bloudruk sou dan ongereformeerd wees. Die waarheid is egter dat daar nie 'n gereformeerd-liturgiese bloudruk bestaan nie.

Weliswaar is daar ’n gereformeerde kultuur van aanbidding, ’n liturgiese tradisie wat min of meer konstant gebly het. Dit sal egter spoedig blyk dat dit nie die doel van die reformatore was dat ’n bepaalde liturgiese vorm verewig moes word nie. ’n Gereformeerde liturgiese *tradisie*, soos ons byvoorbeeld in die N.G. Kerk daaraan gewoond geword het, kan dus nie as norm of maatstaf vir ’n gereformeerde liturgie aangewend word nie. Ons sal dus versigtig moet wees om allerlei afwykings van hierdie tradisie sonder meer as “ongereformeerd” of “charismaties” te bestempel. Die vraag is dus nie of liturgiese vernuwing met die gereformeerde tradisie in stryd is nie, maar of dit die reformatoriese *beginsels* (teologie en spiritualiteit) in gedrang bring.

## 5.3 Die Skrif alleen — maar wat beteken dit?

Die *Sola Scriptura*-beginsel van die reformasie is vir die bespreking belangrik. Dit is immers gereformeerd om nie iets te doen wat teen die Skrif is nie. Wat dit vir die bespreking oor ’n gereformeerde liturgie beteken, is egter nie so eenvoudig nie, en wel om die volgende redes:

5.3.1 Die Bybel is nie ’n wetenskaplike handboek vir die liturgie nie. Die Skrif gee nie aan ons ’n volledig-uitgewerkte liturgie wat vir alle tye en kulture geld nie. Daar is steeds ’n wesenlike gevaar (en dit kom telkens in besprekings oor bedieningsvernuwing na vore) dat ons vir elke handeling of aktiwiteit ’n teksvers soek. As iets dus nie in die Skrif teruggevind word nie, word dit dan maklik as onskriftuurlik of ongereformeerd afgemaak. As daar egter wél Skrifgegewens oor ’n saak is (byvoorbeeld dat die eerste Christelike gemeente in huise bymekaar gekom het), word sonder meer gekonkludeer dat ons ook ons erediens só moet inrig. Met só ’n onverantwoordelike Skrifgebruik en beroep kan ons nie teologiseer nie.

5.3.2 Waar daar wel in die Skrif liturgiese aanwysings oor aanbidding is, sal dit kontekstueel vertaal moet word. Wat in die Israelitiese religieus-kulturele konteks natuurlike handelinge was, kan nie net so op ons eie tyd en kultuur oorgedra word nie. In hierdie verband word dit al hoe belangriker om die Ou-Testamentiese aanbiddingsproses te verstaan voordat ons tot allerlei afleidings kom. Jonker ([*s.a.*]: 23) het aangedui dat liturgiese besinning en vernuwing nie sonder deeglike verrekening van die Ou-Testamentiese aanbidding kan plaas-

vind nie. As Liesch (1996:61-68) se fasemodel, gefundeer in die Israelitiese tempeldiens as uitgangspunt geneem word, kom heelwat kontemporêre vraagstukke oor liturgiese vernuwing aan die orde. Wat by die poorte van die tempel gedoen is, sou nie noodwendig in die heiligdom van die tempel toegelaat word nie. Ons sal dus nie onkrities 'n beroep op Ou-Testamentiese Skrifgedeeltes (byvoorbeeld Dawid se dans voor die ark uit) kan maak om daaruit vir die erediens liturgiese afleidings te maak, sonder om die "Gattung" van die betrokke Skrifgedeeltes in aanmerking te neem nie.

Dit neem egter nie weg nie dat die Skrif duidelike beginsels stel wat vir 'n gereformeerde aanbidding ononderhandelbaar is. Die Skrif spreek byvoorbeeld duidelike taal oor vreugde, ootmoed, orde, stilte, eerbied en ontsag as beginsels vir ons ontmoeting met God. Ons sal gevolglik moet leer om met *Skrifbeginsels* te werk eerder as om na Bybelverse of bloudrukke vir die liturgie te soek.

### 5.4 Die liturgie moet koinoniaal van aard wees.

Sonder die liefde word die erediens 'n sinnelose geraas (1 Kor. 13). Die korporatiewe aard van die aanbidding in liefde impliseer dat gelowiges mekaar in die openbare aanbidding in aanmerking moet neem (Van der Walt 1982:7). Liesch (1996:82) pleit ook vir verdraagsaamheid onder gelowiges wat ons liturgiese verwagtings en behoeftes betref. As ons in die kerk en gemeentes verdeeldheid skep omdat ons verskillende standpunte en behoeftes ten opsigte van die liturgie het, kan dit nie tot opbou van die gemeente wees nie.

Calvyn het juis 'n hoë premie daarop geplaas dat die uitwerking van die erediens moet wees dat dit die gemeente voor God se aangesig in eenheid saambind. Ons sal dus met groter openheid na mekaar se behoeftes moet luister en mekaar daarin verdra. Die goeie spreekwoord is hier van toepassing: in noodsaaklike dinge moet daar eenheid wees; in minder-belangrike aangeleenthede moet daar verdraagsaamheid wees; in alle omstandighede moet daar liefde wees.

## 5.5 Die pastorale aard van die liturgie is ’n wesenlike deel van die koinoniale gerigtheid

Waar die koinoniale gerigtheid op die onderlinge verdraagsaamheid afgestem is, dui die pastorale aard van die liturgie op die liturg se verantwoordelikheid om die ontmoetingsgebeure só in te rig en te fasiliteer dat daar iets pastoraal in die gemoed van die aanbidder plaasvind. In die liturgiese aanbidding behoort al die fundamentele religieuse behoeftes van die mens ontmoet te word (Willimon 1979:60-62). Bouyer (1963:1-6; 58-60) wys tereg op die negatiewe gevolge van die Rooms-Katolieke ignorering van die lidmate se liturgiese behoeftes. Daarom behoort die liturgie so beplan te word dat die aanbidders se behoefte aan aanbidding, lofprysing, belydenis en restitusie gefasiliteer kan word. Pastorale liturgie impliseer dus om nie alleen vir die behoeftes van mense sensitief te wees nie, maar ook om enige sweem van konkurrensie in die behoeftes van lidmate so ver as moontlik te vermy of uit die weg te ruim.

## 5.6 Die Reformasie bied in werklikheid talle beginsels vir liturgiese vernuwing

Mag lidmate dan inspraak hê in die strukturering van die liturgie? Vinnig kom die antwoord: “Nee, want lidmate het nie die teologiese insig om te weet wat aanbidding behoort te wees nie”. “Daar word deesdae te veel na die behoeftes van lidmate geluister”, word gesê. Martin Luther het egter die behoefte van die lidmate so belangrik geag dat hy ter wille van die lidmate se behoeftes op bepaalde teologiese punte toegegee het ten einde die gemeente te akkommodeer. Die eredienste het gevolglik ’n volkse karakter verkry en “leke” moes aktief aan die erediens deelneem (Strydom 1994:55-56).

Met Johannes Calvyn was dit nie anders nie. Daar is duidelike aanduidings dat Calvyn juis “ter wille van die swakheid van die vlees” die menslike behoeftes ten opsigte van die sing van bepaalde liedere geakkommodeer het. Navorsing in Europa het volgens Strydom (1994: 80) in die afgelope dekades daarop gedui dat Calvyn in hierdie opsig ’n dualisme openbaar het deur sy bereidheid om menslike behoeftes te akkommodeer.

Dit lei ons na 'n tweede strydpunt: mag die melodieë van sekulêre of volksliedere vir gemeentesang in die erediens gebruik word? Hierdie vraagstuk is tans deel van die lewendige debat oor liturgiese vernuwing. 'n Beroep op die Reformasie help ons nie deurslaggewend nie, aangesien Luther ook die oorneem van sekulêre en volksliedere vir die erediens toegelaat het. Weliswaar is die melodieë nie klakkeloos oorgeneem nie (groter of kleiner aanpassings is gemaak), maar in die Lutherse tradisie is dit nie 'n vreemde praktyk nie. Die Luthers-reformatoriese benadering tot liturgiese musiek het dan ook geen dualisme tussen gewyde en sekulêre musiek gehandhaaf nie. Omdat uit die kultuurskat van die voor-reformatoriese en die kontemporêre liedereskat geput is, was die musiek eg eietyds en intiem met die mense se daaglikse lewe verweef (Strydom 1994:62, 65).

Ook in hierdie opsig sal dit blyk dat Calvyn se benadering nie veel van Luther verskil het nie. By Calvyn is daar egter ook ander aksente waarneembaar. Hoewel Calvyn met Luther se waardering vir die kerklike musiek en lied saamgestem het, was hy tog agterdogtig oor die verkeerde effek wat sang en musiek op die kerkganger kan hê. Daar is naamlik 'n wesenlike gevaar, was Calvyn se vrees, dat die musiek op die vleeslike en sintuiglike gerig sou wees en die sentraliteit van die Woord sou verdring. Liedere wat die klem op die melodie vestig terwyl die betekenis van wat gesing word, by die gemeente verby gaan, is streng veroordeel.

Lidmate moet dus verstaan wat hulle sing, was Calvyn se vereiste. Maar die verstaan mag nie net 'n intellektuele verstaan wees nie. Dit gaan vir Calvyn om 'n geestelike verstaan wat die hart en die geloof aanspreek. In die vroeë-Christelike kerk asook in die aanbidding vandag was en is die teenwoordigheid van Christus die grond van die belewing (Cullman 1962:37; Martin 1976:130). Dit gaan dus om die *belewing* van wat gesing word (Strydom 1994:78-79). Hieruit sal ons moet aflei dat liturgiese belewing ook reformatories begrond kan word. Nog anders gesê: die Reformasie bied in werklikheid talle beginsels vir liturgiese vernuwing.

### 5.7 Kultuur is waarskynlik die belangrikste veranderlike

Ons het reeds daarop gewys dat kultureel-bepaalde liturgiese gebruike nie verabsoluteer mag word nie. Ons sal tussen altyd-geldende beginsels en tydbepaalde vorms moet onderskei. Die funksie van kerugma, didaché en paraklese staan vas, maar die strukture waarin dit moet geskied, is nie onveranderlik nie (Pieterse 1990:24).

Om dan te bepaal wat wesenlik en onveranderlik is en wat veranderlike en tydbepaalde vorme is, is waarskynlik die grootste uitdaging vir liturgiese besinning oor vernuwing (White 1973:41). Dit is egter nie 'n eenvoudige saak nie. Pelikan (1973:66-69) pleit naamlik daarvoor dat 'n liturgie vir die toekoms aan die apostoliese tradisie moet vashou. "It must be so deeply immersed in the tradition of yesterday that it welcomes tomorrow…" (Pelikan 1973:68). Dit is mooi en waar, maar hoe moet dit gedoen word? Impliseer sy betoog nie juis dat uit die apostoliese tyd vaste en onveranderlike vorms vir aanbidding afgelei kan word nie? En presies hoe is dit moontlik dat die liturgie só diep in die tradisie ingebed kan wees en tog die toekoms kan akkommodeer?

Die probleem en relevante vrae verdiep nog meer wanneer ons besef dat daar nie alleen 'n verbintenis tussen die verlede (tradisie) en die toekoms is nie, maar ook met die hede, die kulturele, geografiese en demografiese konteks waarin die aanbidding plaasvind. Moet die verlede en die toekoms aan die behoeftes van die hede ondergeskik gestel word sodat die Woord in die realiteit van mense se daaglikse bestaan tereg kan kom?

'n Gesonde wêreldse gerigtheid (Nel 1990:187) is inderdaad nodig indien ons die erediens relevant en sinvol vir die gemeente wil maak. Die gemeente moet haar identiteit in die wêreld ken en handhaaf, maar moet ook die wêreld waaruit die lidmate vir die erediens bymekaar kom, verreken. Dit sluit kulturele waardes, gebruike en sisteme in. Omdat die erediens nie in isolasie plaasvind nie (Nel 1990: 179), moet die bepaalde kerk in die bepaalde tydvak en in die bepaalde sosiologiese en demografiese konteks in die erediensgebeure 'n rol speel. Pieterse (1990:23) praat in hierdie verband van "die empiriese gemeente" (sien ook Nel 1990:180) Kultuur moet hier in die breedste sin van die woord verstaan word. Globalisering veronderstel naamlik dat die liturgie ook binne 'n gesekulariseerde wêreld en 'n post-moderne

tyd relevant gemaak moet word (sien Hoenderdaal 1977; Elmer & McKinney 1996; Pecklers 2003).

Kultuur moet dus verreken, maar nie verabsoluteer word nie. Die karakter van die erediens mag nie só deur die kultuur gerelativeer word dat dit die erediens totaal omvorm of selfs vervang nie (Pieterse 1990:29). In dié verband waarsku Sittler ons dat relatiwiteit nie absoluut nie maar relatief is. Daarom konkludeer hy:

> The fact that values are relative to one's culture, time, person and purpose does not oblige us to be ethically indifirent: a mere fact is not normative (Sittler 1973:20).

Ons sal dus twee uiterstes moet vermy. Enersyds moet ons tog nie liturgiese gebruike wat kultureel-bepaald is, verabsoluteer nie. Maar andersyds mag ons ook nie die relatiewe waarde van liturgiese gebruike as verskoning gebruik om liturgiese relativisme te bevorder nie. Hier lê een van die belangrikste en moeilikste uitdagings van die teologiese besinning oor liturgiese vernuwing! Müller (1990:40) het die dialektiek goed beskryf deur daarop te wys dat die musiek en sang in die erediens die kultuur moet reflekteer. Die kerk moet versigtig wees, maan hy, om nie by bepaalde liedere en 'n styl vas te steek wat in die verlede gegeld het nie. Dit bring kultuurvervreemding in die erediens. Maar andersyds mag die kerk nie die kultuur so slaafs navolg dat elke nuwe musikale modegier nagejaag word nie. Tereg skryf Horn (1973:35):

> A type of worship which is cut and dried, be it a liturgy perfectly "done", or an intellectual presentation convincingly argued, is too neat for life's depths today.

In dieselfde trant konkludeer Laubscher (1990:55) dat liturgie sonder spontaneiteit onafwendbaar tot letargie aanleiding gee.

## 5.8 Orde en vryheid staan in die erediens in 'n bi-polêre spanning

Calvyn het 'n gebalanseerde beskouing oor vryheid in die erediens en die handhawing van orde gehad. Hy het baie sterk beklemtoon dat enige vorm van wanorde in die erediens geweer moet word. Maar Calvyn het ewe sterk beklemtoon dat daar vryheid in die erediens moet wees. Hy wou die liturgie van alle menslike instelling bevry en

het gedurig teen liturgiese wettisisme gewaarsku. Brienen (1987:154) meen dat hierdie uitgangspunt 'n geweldige deurbraak in die liturgie veroorsaak het. Die orde in die erediens moes volgens Calvyn deurgaans gesuiwer word van enige tendens om die gelowiges met 'n veelheid van handelinge te verstrik.

Liturgiese vryheid was dan ook 'n kenmerk van Calvyn se liturgiese benadering. Hy het by die plaaslike omstandighede en kulturele gebruike van 'n bepaalde plek (Geneve of Straatsburg) aangesluit. Gevolglik is daar ook nie net een liturgiese orde van Calvyn nie. Dit sou dus met Calvyn se bedoeling ironies teenstrydig wees om aan sy liturgie vas te wil hou (Strydom 1994:159). Dit is eweneens on-Calvinisties om die liturgie op formalistiese wyse in konkrete vorms te wil giet en só die moontlikheid vir vryheid dood te smoor. As die vryheid nie die orde bedreig nie en nie Skrifbeginsels in gedrang bring nie, sou dit dus in die reformatoriese sin nie as teologies-ongereformeerd bestempel kan word nie.

Strydom (1994:75-76) som Calvyn se beskouing soos volg op: die liturgie moet Skriftuurlik wees; dit moet vry van wettisisme wees en dit moet tot eer van God wees. Hierdie drie elemente val by Calvyn uiteen in 'n aantal praktiese vereistes. Die gesprek oor gereformeerde liturgie kan nie volledig wees sonder 'n besinning oor die implikasies van hierdie drie elemente vir die erediens vandag nie, maar die omvang van hierdie navorsing laat só 'n omvangryke bespreking nie toe nie. Samevattend kan ons konkludeer dat orde nie in die weg van spontaneïteit hoef te staan nie en dat liturgiese vryheid nie die afwesigheid van 'n gestruktureerde erediens veronderstel nie (Willimon 1979:60). Daar is dus 'n bi-polêre spanning tussen orde en vryheid.

## 5.9 Aanbidding behoort die hele mens te betrek

Die gereformeerde dogmatiek handhaaf ondubbelsinnig dat die mens 'n eenheidswese is (sien byvoorbeeld Heyns 1978:120-124; 140-143). Dichotomie en trichotomie word verwerp. Hierdie antropologiese vertrekpunt het ook vir die liturgie konsekwensies. Vir Luther was musiek 'n ervaringsfenomeen wat ten doel het om die siel vrolik te maak en die duiwel te verjaag. Luther het erken dat musiek 'n aardse en sintuiglike karakter het wat op die mens se liggaam en emosies

aanspraak maak (Strydom 1994:56-58). Ons het hierin natuurlik ook met 'n kultuurverskynsel te make. Gereformeerde kerke in die Afrika-kultuur kan byvoorbeeld nie sonder ritmiese sang en dans in die erediens bedink word nie. Die huidige tendens om al hoe meer die liggaam in die liturgie mee te laat spreek, kan dus nie so maklik as "ongereformeerd" bestempel word nie.

Liggaamlike betrokkenheid by die aanbidding is veral ten opsigte van die gebedshoudings toepaslik. 'n Knielende houding sou ideaal wees, maar is in die konteks van 'n kerkgebou met banke onprakties. Om eerbied te betoon, kan die gemeente gevra word om te staan of met geboë hoof te sit, maar dan moet daar aan hierdie handelinge liturgiese inhoud gegee word. Die ophef van hande dui volgens Van der Walt (1982:54) daarop dat die gelowige gereed is om die Here se seën te ontvang. Liesch (1996:128) merk op dat die Hebreeuse woord vir "hand" die kern vorm vir meer as vyftig woorde wat met lofprysing verband hou.

In 'n wel-deurdagte uiteensetting wys Liesch (1996:128-130) daarop dat die opsteek van hande 'n Ou-Testamentiese gebruik is waarmee die verbondsvolk uitdrukking aan hulle gevoel vir aanbidding (Psalm 141:2) of hulle berou oor sonde (Klaagliedere 3:41) gegee het. Die praktyk om hande op te hef tydens lofprysing mag vreemd aan die gereformeerde tradisie wees, maar dit druis nie teen enige Skriftuurlike of gereformeerd-teologiese beginsel in nie. Dan moet die gemeente egter, soos Liesch aandui, oor die bedoeling van die ophef van hande ingelig word. Lidmate moet hierin begelei en nie geforseer word nie. Dit mag nie weer tot rituele gebruik verval of vir die skyn uitgevoer word nie.

As Luther erken het dat die sang en musiek in die erediens ook die mens liggaamlik aanspreek, hoe moet ons dan oor die invoer van koor- en ander danse in 'n gereformeerde erediens oordeel? Terwyl sommige dit met groot entoesiasme begroet en klakkeloos in die erediens invoer, is daar by ander groot ongemak hieroor. Die hedendaagse danse kan moeilik met die liturgiese koordanse van die Ou-Testamentiese tempeldiens in verband gebring word. Die kleredrag van die koordansers was kultureel-bepaald en sindelik, terwyl die dansers wat vandag in die eredienste optree, soms deurskynende lin-

nerokkies aan het. Verder sou die bewegings van die koordansers sekerlik ook nie dieselfde wees as die soms suggestiewe bewegings van vandag se erediensdansers nie. Ek moes by geleentheid tot my eie verleentheid sélf so 'n dans aanskou terwyl ek van 'n ander geleentheid verneem het waar mense uit die kerk gestap het omdat die bewegings erg suggestief was!

Strydom, 'n gereformeerde kenner van himnologie, skryf egter dat daar nie prinsipieel beswaar kan wees as die een of ander vorm van gestileerde beweging of liturgiese dans in die erediens geakkommodeer word nie (Strydom 1994:265). Hy waarsku wél dat ons nog liturgies hieroor sal moet nadink. Dit beteken enersyds dat ons die saak nie maar op die lange baan mag skuif omdat dit vir ons ongemaklik of onaanvaarbaar is nie. Maar andersyds beteken dit dat ons nie sonder liturgiese deurdagtheid hierdie praktyk in die gemeentes behoort in te voer nie.

## 5.10 Lewendige en vrolike gemeentesang stem met die reformatoriese bedoeling ooreen

Vir Luther was die sang in die erediens 'n geloofsviering, want in die sang word aan die *vrolikheid* (my kursief) om van Satan, sonde en dood verlos te wees, uitdrukking gegee (Vrijlandt 1992:82). Calvyn se klem op vrolikheid het eweneens in die polsend-ritmiese tempo van liedere 'n neerslag gevind. Strydom (1994:80) vergelyk dit met die ritmiese polsslag wat die mens se bloed deur die liggaam laat sirkuleer (60-72 slae per minuut). Dit was dus lewendige sang waarin die Geneefse melodieë nie noemenswaardig van die kontemporêre kulturele liedere van Calvyn se tyd verskil het nie.

Die huidige debat oor sang in die erediens sal ongetwyfeld met hierdie reformatoriese uitgangspunt rekening moet hou. Dit impliseer onder andere dat die sang deur vrolikheid, blydskap en dankbaarheid gekenmerk moet word, 'n vereiste wat weer "singbare" melodieë en verstaanbare lirieke veronderstel. Wanneer lidmate dus kla oor "onsingbare liedere" met moeilike melodieë en swaar ritmiese duiding, sal ons dit nie kan ignoreer nie.

Natuurlik word daarmee nie gesuggereer dat alle vrolike en polsende musiek vir die erediens geskik is nie. Liesch, 'n kenner op hier-

die gebied, waarsku tereg dat ons balans in die musiekvernuwing nodig het. Hy skryf:

> We have to recognize the danger of becoming too "market driven" by the immediate. Despite the many benefits of worship choruses, we must acknowledge that they tend to reflect values of popular culture that should not be "bought into" unquestioningly — values that include "instant gratification, intellectual impatience, ahistorical immediacy, and incessant novelty" (Liesch 1996:20).

Liesch baseer sy standpunt daarop dat kontemporêre vernuwing in die kerkmusiek die klem só oorheersend op die oorwinning oor sonde laat val dat daar nie meer ruimte in die liturgie vir korporatiewe skuldbelydenis en berou oor volhardende sonde gemaak word nie. In hierdie verband is dit betekenisvol dat in baie N.G. gemeentes die dekaloog nie meer gelees word nie en dat die argument al hoe meer gehoor word dat die gemeente nie skuld hoef te bely nie omdat die gemeente onder die vergifnis en genade van die Here bymekaar kom!

Wat die atmosfeer van vreugde betref, het Calvyn as vereiste vir die erediens gestel dat dit betaamlik moet wees. Hoewel die hedendaagse klem op die feestelike karakter van die erediens dus verwelkom moet word, mag ons nooit toelaat dat dit uitspattig word nie. Hoenderdaal (1977:185) herinner ons daaraan dat die gemeente se uitverkiesing in Christus ons nie toelaat om hoogmoedig te wees nie, maar inteendeel deemoedig. Müller (1990a:1) begin sy boek met 'n aanhaling van Jakobovits: "The pleasure of worship has changed for the worship of pleasure". Hierteen moet gewaak word. Die erediens moet wél 'n fees wees (die titel van Müller se boek), maar dit mag nie in die najaag van 'n plesierige erediens eindig nie. Müller bring die vreugde van aanbidding met die *tris hagion* van Openbaring 4:8 in verband. Vreugde en aanbidding mag mekaar dus nie uitsluit nie. Die eer van die Here gaan voorop (Müller 1990a:7). Dit impliseer dat daar 'n stemmige atmosfeer sal wees omdat die gemeente niemand minder nie as die Almagtige God ontmoet. Maar andersyds sal die atmosfeer 'n vreugde openbaar wat eg uit die dankbare gemoed van die verlostes gebore word (Müller 1990a:30-31). Dit moet deur die Gees se teenwoordigheid en werking gedra word. Liesch (1996:20) sê juis dat die vernuwende "free-flowing praise" met sy "band"-begeleiding en sy polsende ritme nie die monopolie op die Heilige Gees het nie.

Nogeens sal ons teen twee uiterstes moet waak: oordrewe vrolikheid wat eerder met uitspattigheid in verband gebring kan word en oordrewe statigheid wat aan morbiditeit grens. Waar die beginsel van bi-polariteit toegepas word, werk hierdie twee pole aanvullend en korrigerend op mekaar in.

Die nimmereindigende soektog na nuwe liedere sal eweneens met groot omsigtigheid moet geskied. Liesch (1996:28, 40) motiveer sy standpunt deur na die Psalms in die Ou Testament en die sang in die Nuwe Testament te verwys. Hy wys daarop dat die Psalms gekenmerk word deur ’n viering van die geskiedenis van Israel (verlede), deur die sing van kontemporêre liedere (hede) en deur die antisipasie op die skep van nuwe liedere deur die oproep om “nuwe sange” te sing (toekoms).

Ook hierin moet daar balans wees. Gemeentes wat nuwe liedere sing en só die bruikbaarheid daarvan toets, behoort nie veroordeel te word nie. Kerklike strukture behoort ook nie deur drakoniese besluite sulke eksperimente te verbied nie. Hoe anders kan daar nuwe liedere geskep word om die erediens kontemporêr te laat wees? Maar andersyds mag die soeke na vernuwing nie só oorboord gaan dat die goedgekeurde kerkliedere geheel of gedeeltelik deur eietydse en ongekeurde gospelliedjies vervang word nie. Ook behoort nuwe liedere voordat dit getoets word, aan basiese beginsels te voldoen wat met die reformatoriese beginsels ooreenstem. As ons Calvyn ernstig moet neem dat die mens se gehoor en emosie nie net deur mooi melodieë gestreel mag word nie en dat dit in wese oor die woordbetekenis van die lied gaan wat die mens geloofmatig moet opbou, dan behoort daar ’n sterk afwysing te wees van die huidige tendens om sogenaamde “choruses” te sing waar ’n enkele sin of twee oor en oor soos ’n mantra herhaal word.

In die soeke na vernuwing in die sang sal ons ook met die verskeidenheid van sanggenres rekening moet hou. Liesch (1996:52-62) beredeneer oortuigend dat dit Bybels en psigologies sin maak om in die erediens met lofprysing te begin en dan na aanbidding oor te gaan. Beide vul mekaar aan en het mekaar nodig (weer die beginsel van bipolariteit). Daar moet dus daarteen gewaak word dat vernuwing nie uitsluitlik of oorheersend op lofprysing konsentreer sodat die aanbiddingsliedere, wat stadiger in tempo is en ’n ander spiritualiteit verteenwoordig, al hoe minder ’n liturgiese plek in die erediens verkry nie.

### 5.11 Belewing van die liturgiese gebeure is nie ongereformeerd nie

Die stelling is alreeds gemaak dat die hele mens in die erediens betrek moet word. Dit impliseer nie alleen die verstand (linkerbrein) nie, maar ook die hart as die setel van menslike emosies, asook alle ander estetiese en visuele aanvoelings van die regterbreinfunksionering (sien Horn 1973:32; Vrijdag 1991). Die aandag is ook reeds daarop gevestig dat die reformatore nie teen die belewing van die aanbidding in die erediens was nie, maar dit inteendeel wou bevorder. Die Woordbediening, die sang en musiek moes hiertoe as instrumentarium dien. As aan hierdie middele erkenning gegee word om belewing te realiseer, dring 'n volgende vraag na vore: Is daar enige rede waarom ander middele wat die menslike sintuie kan aanspreek en belewing kan fasiliteer, nie ook in die erediens benut kan word nie?

Daar word byvoorbeeld 'n sterk argument opgebou uit Calvyn se afwysing van die Roomse elemente in die liturgie — op grond waarvan daar dan gedurig teen Roomse gebruike in die erediens gewaarsku word. Rituele soos die aansteek van kerse, simbole soos 'n kruis of kleure in die vorm van lappe wat tydens die lydenstyd gedrapeer word, is in die verlede as Roomse tendense beskou en met agterdog bejeën. Daar moet egter onthou word dat Calvyn dit veral gehad het oor die Ou-Testamentiese *offergedagte* wat in die misliturgie ingesluip het en die afgodiese *aanbidding* van beelde wat deur God verbied is. Calvyn wou die offergedagte in die Rooms mis met die Woordbediening oor Christus se eenmalige en volledige offer vervang, terwyl die beelde-aanbidding eweneens deur die Woordverkondiging verdring moes word. Rituele in die Roomse mis wat as menslike instellings die indruk of verwagting skep dat die nakoming daarvan tot sondevergifnis en saligheid kan lei, is deur Calvyn as 'n verplasing van die geloof vanaf Christus na die rituele beskou. Daarom het Calvyn die prediking tot die hoogtepunt in die erediens verhef om hierdie Roomse vergryp teen die evangelie van genade, vergifnis en verlossing deur Christus uit die erediens te ban (Brienen 1987:146-155).

Tog is daarmee nie alles gesê nie. Dit is byvoorbeeld betekenisvol dat Luther die grondvorm van die Roomse mis behou en 'n radikale reformasie daarvan afgewys het. Pogings om met 'n beroep op die

Reformasie rituele soos die aansteek van kerse in die erediens as die invoer van Roomse gebruike af te maak, hou nie met die skopus van Calvyn se stryd teen Roomse elemente in die erediens en Luther se waardering vir die rituele duiding van die mis rekening nie. Rituele wat nie inhoudelik die Roomse konnotasie van die offergedagte of die vergifnis van sonde verteenwoordig nie, kan dus nie sonder meer as Rooms afgemaak word nie. Indien rituele en simbole nie die geloof in Christus vervang nie, maar juis deur die visuele inbeelding die geloof op Christus rig, het ons met 'n heel ander liturgiese bedoeling te doen as wat in die Roomse mis geheers het. Ons kan nie bekostig om dieselfde fout as in die verlede te maak, toe die vrees vir Roomse invloede enige liturgiese vernuwing verdag gemaak het nie (sien Jonker [*s.a.*]:16).

## 5.12 Die liturgie moet die eenheid en kontinuïteit van die kerk dien

Liturgiese kontinuïteit veronderstel dat vernuwende denke nie die histories-kulturele en teologiese verlede mag uitwis en daarmee die unieke aard (identiteit) van die kerk in gedrang mag bring nie.

In hierdie opsig sal 'n verdere onderskeid nodig wees. Daar is naamlik 'n ekumeniese liturgiese karakter van die erediens. Dit veronderstel dat daar sekere beginsels vir aanbidding is wat in alle denominasies van die algemene Christelike kerk geldig is. Daarsonder sou aanbidding sy Bybelse en Christelike karakter verloor. Daar is egter ook liturgiese eienskappe (kenmerke) wat só eie aan 'n bepaalde tradisie (gereformeerd) en denominasie (N.G. Kerk) is dat 'n miskenning van hierdie tradisie die identiteit van die tradisie en denominasie in gedrang bring.

Waarom sou Calvyn die beginsel van kontinuïteit so belangrik geag het? Waar die kontinuïteit in aanbiddingswyse in 'n bepaalde tradisie só gerelativeer word dat die styl van daardie tradisie nie meer in die erediens herkenbaar is nie, word die vernuwing deur 'n ander gees gedryf. Immers, die leiding van die Heilige Gees in 'n bepaalde tradisie verteenwoordig tog die historiese weg waarlangs Hy 'n bepaalde kerk gelei het. Verwerping of distansiëring van daardie historiespneumatologiese wording konstitueer 'n vergryp teen die wyse waarop die Heilige Gees in die verlede gewerk en gelei het. Natuurlik be-

teken dit nie dat alles in die verlede heilig en onveranderlik is nie. Daar is reeds gewys op die wesenlike dinge (wat onveranderlik is) en die dinge wat nie Skriftuurlike en teologiese beginsels in gedrang bring nie. Waar vernuwing binne die laasgenoemde kategorie ook nie 'n wesenlike bedreiging vir die kontinuïteit en die identiteit van die tradisie is nie, behoort sodanige vernuwing nie teengewerk te word nie.

## 5.13 Liturgiese beskeidenheid

Wie bepaal dan die behoefte aan 'n korporatiewe belewing en die wyse waarop dit kan geskied? Horn (1973:26) kom tot die interessante gevolgtrekking dat sistematiese teoloë en wetenskaplike liturge nie langer as outoriteite vir die vaslegging van liturgiese reëls beskou kan word nie. Teoloë, konkludeer hy, het nie direkte toegang tot absolute waarheid nie (1973:28). "The depth and breadth of experience at individual events of life" word volgens Horn al hoe meer belangrik geag. In die Anglikaanse tradisie het die siening van Perry (1989:viii) reeds vir die betrokkenheid van 'n gemeentelike liturgiese groep voorsiening gemaak wat die erediens moet help beplan. Dit moes egter deur die kerk (Church of England) goedgekeur word. 'n Mens wonder net of dit nie maar weer dieselfde "big brother"-benadering verteenwoordig nie.

Hierdie perspektief veronderstel 'n teologiese beskeidenheid ten opsigte van ons denke oor die liturgie (Nel 1990:175). Die kerk mag nie die erediens en sy beskouing daaroor só oorskat asof die wederkoms al aangebreek het en alles volkome is nie. Die kerk se gerigtheid op die wêreld impliseer dat die wêreld ernstig geneem moet word en die erediens ook (bi-polariteit). Natuurlik is beskeidenheid hier gepas. Die aard van die problematiek is eenvoudig net só dat 'n simplistiese benadering of enkelvoudige antwoorde nie die navorsingsdoelwit sal bereik nie. Daarbenewens laat navorsing blyk dat teologiese motiverings vir bepaalde liturgiese besluite wat in die verlede as deurslaggewend beskou is, tog nie 'n finale woord is nie.

Een so 'n voorbeeld is die plasing van die afkondigings in die erediens. Vandooren (1980:50-51) verwoord die tradisioneel-gereformeerde standpunt hieroor. Afkondigings wat 'n liturgiese plek in die erediens

ontvang, versteur die verbondmatige twee-rigtingverkeer van die erediens. Daarom behoort die afkondigings voor die aanvang van die erediens plaas te vind of in gedrukte vorm uitgedeel te word.

Hierdie begronding het as motivering gedien vir 'n jarelange praktyk in die N.G. Kerk. Die vraag is egter of dat daar nie ook 'n ander teologiese begronding kan wees. Die verbondsgemeente is nie alleen met God in gesprek nie, maar moet ook weer na die daaglikse lewe terugkeer, waar die koningsheerskappy van die Verbondsgod geleef moet word. Verteenwoordig die weglating van "wêreldse" bedrywighede uit die erediens nie in beginsel die eeu-oue dwaling van die skeiding van natuur en genade nie en ignoreer dit nie die liturgiese verband tussen erediens en gemeenskap nie? Die Here se kerk moet tog in die wêreld wees, omdat Christus hulle na die wêreld gestuur het (Joh. 17:18).

## 6. SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS

Uit voorafgaande bespreking het dit duidelik geword dat ons in die debat oor 'n gereformeerde liturgie met vooropgestelde clichés sal moet klaarspeel en aan die hand van teologiese beginsels na liturgiese vernuwing moet streef wat met 'n gereformeerde teologie en spiritualiteit korrespondeer en tog kontemporêr en kontekstueel kan wees. As ons dus nuut wil dink oor die liturgie, sal ons moet aanvaar dat ons nog nie klaar gedink en volmaak geformuleer het nie! Daar is 'n voorlopige karakter in die erediens wat veronderstel dat alles nie alreeds in kruike en kanne weggebêre is nie. Dit is 'n tydige waarskuwing en 'n belangrike korrektief op 'n verabsoluterende gesindheid ten opsigte van die erediens. Ons sal 'n "oop gesprek"-benadering moet aanleer. Nie 'n debat nie, maar 'n diskoers is nodig, waar ons op 'n dialektiese wyse onsself algaande laat korrigeer soos wat die beginsels vir liturgiese vernuwing volgens vandag se behoeftes al hoe duideliker word.

# BIBLIOGRAFIE


BRIENNEN T
1987. *De liturgie bij Johannes Calvijn*. Kampen: Uitgeverij De Groot Goudriaan.

BOHREN R
1980. *Predigtlehre*. München: Kaiser Verlag.

BOUYER L
1963. *Rite and man*. London: Burns & Oates.

CULLMANN O
1962. *Early Christian worship*. London: SCM Press.

DE KLERK J J
1990. 'n Liturgiese uitsig op God. In: A.J. Smuts, C.J.A. Vos en M. Nel (reds.), *In gesprek oor die erediens* (Pretoria: N.G. Kerkboekhandel), pp. 8-21.

DREYER J S
1998. The researcher and the researched: methodological challenges for practical theology. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 13(1):14-27.

ELMER D & MCKINNEY L
1996. *With an eye on the future*. Monrovia: Marc.

HAHN W & BONHOEFFER D
[*s.a.*] *Ons erediens*. Port Elizabeth: Teologiese Seminarie van die Evangeliese Broederkring in Suid-Afrika.

HEITINK G
1977. *Pastoraat als hulpverlening. Inleiding in de pastorale theologie en psychologie*. Kampen: Kok.

HEYNS J A
1978. *Dogmatiek*. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

HOENDERDAAL GJ
1977. *Riskante spel. Liturgie in een geseculariseerde wereld*. 's Gravenhage: Boekensentrum.

HORN H E
1973. Worship: the gospel in action. In: M.A. Egge (ed.), *Worship: Good News in action* (Minneapolis: Augsburg Press), pp. 24-40.

JANSE VAN RENSBURG J
1996. Verbond en pastoraat. *NGTT* 37(1):152-165.

JONKER H
[*s.a.*] *Liturgische oriëntatie*. Wageningen: Zomer & Keunings

KRIKKE S
1976. *Veranderd levensbesef en liturgie*. Amsterdam: Van Gorcum.

LAUBSCHER J A
1990. Die erediens — insig in sy agenda. In: A.J. Smuts, C.J.A. Vos en M. Nel (reds.), *In gesprek oor die erediens* (Pretoria: N.G. Kerkboekhandel), pp. 40-62.

LIESCH B
1996. *The new worship*. Grand Rapids: Baker Book House.

MARTIN RP
1976. *Worship in the early Christian Church*. Michigan: Eerdmans.
1986. *The worship of God*. Michigan: Eerdmans.

MÜLLER J C
1990. Vernuwing in die erediens. In: A.J. Smuts, C.J.A. Vos, en M. Nel (reds.), *In gesprek oor die erediens* (Pretoria: N.G. Kerkboekhandel), pp. 106-120.
1990a. *Die erediens as fees*. Pretoria: N.G.Kerkboekhandel.

NEL M
1990. Die erediens en die wêreld. In: A.J. Smuts, C.J.A. Vos en M. Nel (reds.), *In gesprek oor die erediens* (Pretoria: N.G. Kerkboekhandel), pp. 172-192.

PECKLERS K (red.)
2003. *Liturgy in a postmodern world*. London: Continuum.

PELIKAN J
1973. Worship between yesterday and tomorrow. In: M.A. Egge (ed.), *Worship: Good News in action* (Minneapolis: Augsburg Press), pp. 57-69.

PIETERSE H J C
1990. 'n Erediens-uitsig op die gemeente. In: A.J. Smuts, C.J.A. Vos en M. Nel (reds.), *In gesprek oor die erediens* (Pretoria: N.G. Kerkboekhandel), pp. 22-39.

SAAYMAN C
2004. Die erediens: geen soektog, maar fees van gevind-wees! *Vox Viva* Januarie 2004(14). Ongepubliseerde nuusbrief.

SITTLER J A
1973. Dogma and Doxa. In: M.A. Egge, (ed.) *Worship: Good News in action*. (Minneapolis: Augsburg Press), pp. 7-23.

STRYDOM W M L
1994. *Sing nuwe sange, nuutgebore*. Bloemfontein: U.O.V.S.

VAN DER WALT J J
1982. *Soek die Here in sy tempel*. Potchefstroom: Potchefstroom Teologiese Publikasie.

VANDOOREN G
1980. *The beauty of reformed liturgy*. Winnipeg: Premier Publishing.

VRIJDAG H
1991. *Zonder beelden sprak hij niet tot hen*. Baarn: Gooi & Sticht.

VRIJLANDT M A
1992. *Liturgiek*. Zoetermeer: Uitgeverij Meinema.

WHITE J F
1973. Worship in our changing culture. In: M.A. Egge (ed.) *Worship: Good News in action* (Minneapolis: Augsburg Press), pp. 41-56.

WILLIMON W H
1979. *Worship as pastoral care.* Nashville: Abingdon Press.

| *Trefwoorde* | *Keywords* |
| --- | --- |
| Gereformeerd | Reformed |
| Liturgie | Liturgy |
| Vernuwing | Renewal |
| Tradisie | Tradition |
| Spiritualiteit | Spirituality |